**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 27 FEBRUARIE 2022**

# AGSTE SONDAG NA EPIFANIE
## (VERHEERLIKINGSONDAG)

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
***Die mense van Oekraïne***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
**Romeine 10:8b-13; Deuteronomium 26:1-11**
**Psalm 91:1-2, 9-16; Lukas 4:1-13**

| SONDAG, 27 FEBRUARIE | |
|---|---|
| | **GETUIENISSONDAG** |
| | DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk – Ds Chris Barnardo |
| | Sinodale Deuroffer ten bate van: Missie Japan |
| | Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuterkerk op verhoog |
| 09:00 | Kinderkerk in konsistorie |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 28 FEBRUARIE** | |
| 18:30 | Kooroefening |
| 19:30 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:30 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 1 MAART** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| 19:00 | Basaar Konvenorsvergadering in konsistorie |
| **WOENSDAG, 2 MAART** | |
| | **ASWOENSDAG** |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 10:00 | Othello Biduur |

| DONDERDAG, 3 MAART | |
|---|---|
| 09:00 | Kuilsrivier Dienssentrum Moedergemeente Kerksaal<br>Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh,<br>Ina van Niekerk, Ronel Williams |
| 18:00 | Begrotingsvergadering: Alle kommissie voorsitters en belanghebbendes |
| **VRYDAG, 4 MAART** | |
| 09:30 | Wêreldbiddag vir Vroue – Sien blokkie elders |
| **SATERDAG, 5 MAART** | |
| | |
| **SONDAG, 6 MAART** | |
| | EERSTE SONDAG IN LYDENSTYD |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk<br>Doop<br>Sinodale Deuroffer ten bate van: Bediening aan Dowes<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |
| 09:00 | Kleuterkerk op verhoog |
| 09:00 | Kinderkerk in konsistorie |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

# OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

# EREDIENSTE

In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Japan**

Getuienisaksie en verskeie gemeentes uit ons gebied is vennote in Missie Japan wat ons kerkfamilie se uitreike en die ondersteuning van ons sendelinge daar al vir byna 50 jaar saam met die "Reformed Church in Japan" koördineer en stuur. Van die 127 miljoen mense is minder as 1% Christene. Stéphan en Carina van der Watt met hul kinders, Cornelius, Annlie, Stephan en Lodewyk woon in Kobe waar Stephan as professor van Pastorale Teologie en Sorg by die Kobe Reformed Theological Seminary, werk. Dis waar leraars vir Japan opgelei word. Hy sien ook pastoraal om na die studente, en bedien gemeentes landwyd. Gys en Linda Olivier, met hul kinders Linie en Johan, werk as onderwysers by 'n Christen-skool op Shikoku Eiland. Hulle werk word wyd waardeer in die Kochi-gebied. Elmar en Nadine Du Rand is nuwe sendeling-kandidate van Missie Japan. Hulle is sedert April 2019 besig met Japannese taalstudies in Kobe. Lees meer by www.missiejapan.co.za

Getuienisaksie | 021 957 7184 | missio@kaapkerk.co.za
Webwerf: http://getuienis.christians.co.za

# KERKKOOR

Om sovéél moontlik persone te betrek by ons Kerkkoor, is besluit om die kerkkoor oefeninge voortaan om 18:30 op 'n Maandagaand te hou. Ons sal baie bly wees om 'n paar nuwe stemme te verwelkom!

# GEMEENTENUUS

1. Truda Botha (Waterbessiestraat) vier vandag haar 80ste verjaarsdag. Baie geluk.
2. Koos Smit (Klaradyn) het behandeling in die hospitaal ondergaan.
3. Marieta Oliver (Zevenzicht) het Vrydag 'n baie groot operasie ondergaan.
4. Jannie van Zyl (Zevenwacht Country Estate) het Vrydag 'n mediese prosedure ondergaan.
5. Marietjie Goosen (Othello) het 'n operasie ondergaan en sterk aan by die huis.
6. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
   Mareé Lerm (Othello) vanaf Sonstraal Gemeente



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

27/02 Truda Botha, Ralie Marais, Michael Osborn
28/02 Anton Swanepoel, Wilhelm Steenkamp, Mariet Oosthuysen, André Smook, Erica Venter
29/02 Jannie Hanekom
01/03 Dirk Lochner, Jassie Louw, Anna Regenstein, André Geyer, Rosa Brand, Johnny de Villiers
02/03 Louis van Wyk, Helgard Grundling, Kobus Snyman, Gemma Filies
03/03 Trienie Botes, Japie Kitshoff, Tiaan Blomerus
04/03 Malisha Smuts, Dolores Esterhuizen, Jaco Burger, AC Visser, Christina Olivier, Wilma Roux, Daniel Muller




# DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Ons voorrade lyk tans goed. Deels te danke aan kontant bydraes wat ons ontvang het en ons kon nou spesifiek voorrade koop soos wat nodig was.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet



# KLANK EN POWER POINT HELPERS

Ons is dringend op soek na lidmate wat tydens die eredienste behulpsaam kan wees met die klank en power point funksies.

Rekenaarvaardigheid is belangrik. Opleiding sal verskaf word.

Skakel gerus met die kerkkantoor as jy op hierdie praktiese manier betrokke wil raak by De Eike se werksaamhede.

# EREDIENSWERKERS BENODIG

Ons doen ‘n dringende beroep op lidmate om betrokke te raak by die werksaamhede van die erediens as eredienswerkers. Tans is daar slegs ‘n handjievol helpers wat elke Sondag help. Meer helpers beteken minder gereelde diensbeurte.
Wat doen eredienswerkers tans?

- Help met monitering van kerkgangers voor die erediens.
- Help met kollekte opneem na afloop van die erediens.

Wat doen eredienswerkers nie?

- Is nie deel van kerkraad nie.
- Hoef geen vergaderings by te woon nie.

Kontak een van die spanleiers (Chris van Niekerk, Lorraine Louw, Elsa Welman) of die kerkkantoor as jy bereid is om betrokke te raak.

# BASAAR – 28 MEI 2022

Alhoewel dit nog baie vroeg in die jaar is, het ons reeds begin om ons vere reg te skud vir vanjaar se basaar. Dit is noodsaaklik dat ons konvenors het vir elke “aktiwiteit” by die basaar. Die goeie nuus is dat die meeste konvenors van ons vorige “groot” basaar in 2019 ingestem het om weer as konvenor op te tree. Baie dankie aan hulle! Ons sal mettertyd die verskillende aktiwiteite of “tafels” en wie die konvenors is, op die aankondiginge plaas.

Ongelukkig is nie al die konvenors van vorige jare vanjaar weer beskikbaar nie.
Ons kort nog konvenors vir die volgende tafels of aktiwiteite: afval, kafee, grootkoeke en “Dit en Dat”. Gaan dink en bid asseblief hieroor en hoor of die Here van jou vra om by een van hierdie tafels leiding te neem. Indien wel, kan jy jou naam vir die kerkkantoor of ds. Johan Morkel deurgee. Baie dankie!

**Konvenorvergadering: Dinsdag 1 Maart 2022, 19:00 – 20:00 in die konsistorie.**

Johan Morkel
0833988345

# WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Vrydag 4 Maart 2022 word die Wêreldbiddag vir Vroue gevier. Ons nooi alle vrouelidmate na die geleentheid in ons kerk om 9:30.

Ds Ankia du Plooy is die spreker, haar tema sal wees "Ek weet wat ek vir julle beplan" (Jer. 29)

# HEINRICH GABLER SE GETUIENIS

Van weeskind tot Mnr SA…………
Heinrich Gabler lewer sy getuienis op 11 Maart om 19:00 in kerk.
Ons nooi alle katkisante en hulle ouers, jongmense en enige ander belangstellendes om dit by te woon.

# MARKPLEINFEES

Na al die Covid-inperkings verlang ons om saam met familie en vriende te kuier.
Kuilsrivier (Moeder)-gemeente nooi u uit om Saterdag 5 Maart vanaf 09:00 saam met hulle te kom ontspan in die groot tent terwyl daar na op-en-wakker boere-orkes musiek en na Alta du Toit se Marimba ensemble geluister word. Daar gaan ook interessante lawn games (bv 'n reuse Jenga) wees. Verder gaan ons smul aan die hope basaar eetgoed.
Kaartfasiliteite beskikbaar. Kom neem deel aan al die pret en plesier!

# HUIS DE KUILEN

1. Ons benodig doeke vir volwassenes M - L (nie pull-ups nie).
2. Van ons kamergordyne lyk nie meer baie mooi nie. Indien iemand bruikbare gordyne nie meer gebruik nie sal dit waardeer word.

Indien u kan help met bg kan dit by die kerkkantoor of by die tehuis afgegee word.
Alle hulp sal waardeer word.
Baie dankie vir u hulp, omgee, liefde en gebede.

# PREEKSKETS

## TEMA - GEKRUISIGDE HANDE WAT GEE, GEKRUISIGDE VOETE WAT LOOP



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Matteus 4:18-22

1. **Inleiding.** Wat gaan ons doen? Kan ons die wêreld verander? Hoe gaan ons die wêreld verander? Die tyd vir halfgebakte stories soos waaraan ons gewoond is, is verby. Ons kan nie 'n wêreld verander deur nie ons voete in die water nat te maak nie. Ons is in of ons is uit. Tog bly dit 'n keuse. Soos die dissipels wat daardie dag by die meer 'n keuse gemaak het. Wat sien ons in hierdie roeping van die dissipels?

2. **Jesus bedien nie op Sy eie nie.** Jesus kies gewillige mense om in Sy voetspore te volg. Jesus roep mense om saam met hom dienswerk te verrig. Jesus soek 'n gewillige hart, gekruisigde hande wat gee en gekruisigde voete wat loop. Net dit.

3. **Jesus gee toerusting vir die bedieningstaak.** Dissipelskap beteken om te leer. Jesus sê: "Ek sal julle vissers van mense maak." Dit beteken dat Jesus hulle gaan bemagtig en toerus.

4. **Dissipelskap vra dat jy onmiddellik dinge sal agterlaat.** Dit vra dat jy onmiddellik sal reageer. Ware dissipelskap beteken dat jy dadelik in Jesus se voetspore sal volg en dienooreenkomstig sal leef. Want die koninkryk word tasbaar en sigbaar in jou waardes en gedrag wanneer jy in Jesus se voetspore begin lewe. Aanvaar die uitdaging en die risiko's en reageer soos die dissipels reageer het op Jesus se roepstem.

5. **Slot.** In hierdie tyd waarin ons lewe is daar 'n baie definitiewe keuse wat ons moet maak. Die keuse vir vandag se Christene is nie of ons, ons harte vir die Here gaan gee nie. Ons keuse vandag is of ons vir Jesus die koning gaan maak van ons hande en voete. Die keuse is of ek en jy bereid is om, ten spyte van die koste, die hande en voete van Jesus se stukkende wêreld te wil wees..